Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO
(eLeer ingesluit)

Verwysing: 20170814-3825
12/2/13/6
Navrae: G. Schreuder

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0020/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs vir Lewensoriëntering en Prinsipale van skole wat graad 10–12 aanbied

Onderwerp: *Careers Matter Grades 10–12* (Bylae tot die *Mail and Guardian)* en Hersieningboekies vir graad 12

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) streef daarna om leerders ondersteuning van hoë gehalte in die voorligting oor loopbane en loopbaankeuses te gee sodat hulle 'n beter vermoë ontwikkel om ingeligte besluite oor hul toekomstige loopbane te neem en toegang tot besoldigde diens te hê.

2. Ten einde hierdie doelwit te bereik, het die WKOD die *Careers Matter*-bylae as 'n bron verkry om Lewensoriëntering-onderwysers in hul rol as fasiliteerders in die proses van loopbaanontwikkeling deur formele onderwys vir graad 10–12 te help.

3. Die bylae verskaf inligting oor besluitneming, selfkennis, diversiteit van loopbane, tegniese en beroepsvaardighede, werkgeleenthede vir ambagsmanne, sleutel-ekonomiese sektore, entrepreneurskap, skaars vaardighede, finansiering van studies, beurse, inrigtings vir hoër geleerdheid en tendense in loopbaanontwikkeling. Dit is alles onderafdelings van die onderwerp, Loopbane en Loopbaankeuses, in die Lewensoriëntering Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV), graad 10–12.

4. Elke skool sal 50 kopieë van *Careers Matter*, wat na skole gekoerier sal word, ontvang. Onderwysers word versoek om die bylaes te gebruik om die inhoud daarvan met graad 12-leerders te bespreek sodat leerders ingeligte keuses oor hul toekomstige loopbane kan maak.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2589 Faks: +27 21 467 2258
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

5. Hierbenewens sal skole kopieë van die hersieningsboekie vir graad 12 vir geïdentifiseerde vakke ontvang om die "laaste hupstoot" tot die bereik van voortreflikheid in die provinsie te ondersteun. Hierdie boekie bevat nuttige ondersteuningsmateriaal wat vir hersieningsdoeleindes gebruik moet word.

6. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle vakonderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-08-17